



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

**REGLEMENT INSAKE PROSEDURE BY DIE AANSTELLING VAN 'N
REKTOR EN VAN VISEREKTORE
(soos goedgekeur deur die Raad op 26 Junie 2006)**

A. INLEIDING:

1. Die onderstaande reglement en prosedures daarin uiteengesit moet binne die konteks van die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie en ander beleidsdokumente se beginsels en uitgangspunte geïnterpreteer en toegepas word en sal te alle tye daaraan onderworpe wees.

B. PROSEDURE:

1. Dat die volgende instansies en groepe wat aan die Universiteit verbonde is as belanghebbers by die aanstelling van 'n rektor en viserektore geïdentifiseer en by die aanstellingsprosedure betrek word:
 - 1.1 die Raad;
 - 1.2 die Senaat;
 - 1.3 die Institusionele Forum;
 - 1.4 die personeel van die Universiteit wat bestaan uit:
 - 1.4.1 akademiese personeel; en
 - 1.4.2 nie-akademiese personeel;
 - 1.5 die studente; en
 - 1.6 die Konvokasie.
2. Dat die proses vir die aanstelling van 'n nuwe rektor of viserektor deur 'n Raadsbesluit geïnisieer word, ten minste 12 maande voordat die huidige posbekleër se kontrak tot 'n einde kom.
3. Dat die Raad vervolgens 'n Keurkomitee van 17 lede, of 18 lede as 'n viserektor aangestel word, met die volgende samestelling aanstel:
 - 3.1 Twee (2) Raadslede;
 - 3.2 Vier (4) Senaatslede, aangewys deur 'n stemming in die Senaat;
 - 3.3 Twee (2) lede van die Institusionele Forum, aangewys deur die IF;

- 3.4 Twee (2) dosente wat nie lede van die Senaat is nie, aangewys deur die dosente;
- 3.5 Drie (3) ander werknemers, onderskeidelik aangewys deur die administratiewe personeel, die tegniese personeel, en die ander werknemers;
- 3.6 Twee (2) studente, aangewys deur die Studenteraad;
- 3.7 die President van die Konvokasie of sy/haar benoemde;
- 3.8 die Voorsitter van die Raad, of sy/haar benoemde, wat as Voorsitter optree; en
- 3.9 in die geval van die aanwysing van 'n viserektor, die Rektor.
4. Dat die Raad as werkgewer, na oorleg met die Keurkomitee 'n gedetailleerde posbeskrywing beskikbaar stel en die kwalifikasies en ander kriteria (ingeslote leierskap- en bestuurskriteria) waaraan die kandidaat moet voldoen, binne die raamwerk van Wet 101 van 1997 en die statuut van die Universiteit.
5. Dat die werwing van geskikte kandidate aan die Keurkomitee opgedra word, met dien verstande dat die Keurkomitee:
 - 5.1 die pos wyd in die media adverteer en aansoeke inwag;
 - 5.2 Senaatslede en IF-lede nooi om geskikte persone ingevolge die bestaande prosedure te nomineer; en
 - 5.3 geskikte kandidate mag werf om aansoek te doen.
6. Dat die Keurkomitee na die sluitingsdatum vir aansoeke 'n voorlopige kortlys opstel en onderhoude met die kandidate voer met die oogmerk om 'n finale kortlys van minstens 3 kandidate te verkry, en in konteks van die Diensbillikheidsbeleid, waarvan minstens 1 uit die aangewese groepe moet wees; met dien verstande dat die Keurkomitee die werwingsproses of dele daarvan kan herhaal indien daar na die oordeel van die Keurkomitee nie drie geskikte kandidate is nie; met dien verstande verder dat indien die Keurkomitee sy keuse uitoefen om nie verdere werwing te doen nie die Keurkomitee met volledige motivering met minder as drie kandidate kan volstaan.
7. Dat die kandidate op die finale kortlys elkeen kort standpunte voorberei oor hulle siening van die Universiteit se toekoms en die rol wat hulle vir hulself daarin sien, en 'n voordrag aan 'n vergadering van die Universiteit wat uit die Senaat en die Institusionele Forum bestaan, lewer by 'n geleentheid wat vir hierdie doel gereël word en waarby die Voorsitter van die US Raad as voorsitter sal optree. Die lede van die Keurkomitee word ook uitgenooi om hierdie vergadering by te woon.
8. Dat die Keurkomitee hulle finale kortlys van minstens 3 kandidate met kommentaar en in alfabetiese volgorde, saam met die kandidate se standpunte en hulle curricula vitae, aan die Senaat en gelyktydig ook aan die Institusionele Forum voorlê.
9. Dat die Senaat volgens sy reglement oor die kandidate stem oor aanstelbaarheid en 'n aanduiding van voorkeur gee, met die doel om minstens 3 name (ten minste 1 uit aangewese groepe), aan die Raad voor te lê. Dit word gedoen by wyse van 'n tweeledige proses waarvolgens, by dieselfde geleentheid, tegelykertyd 'n aanduiding gegee word oor aanstelbaarheid en oor voorkeur. Vir hierdie doel word van 'n stembriefie gebruik maak wat as volg saamgestel is:

Name van kandidate	Dui met regmerkie aan watter kandidate as aanstelbaar beskou word	Dui met regmerkie aan watter een van die aanstelbare kandidate u voorkeurkandidaat is

10. Dat die Institusionele Forum volgens sy reglement oor die kandidate stem oor aanstelbaarheid en dan 'n aanduiding van voorkeur gee, met die doel om minstens 3 name (ten minste 1 uit aangewese groepe), aan die Raad voor te lê. Dit word gedoen by wyse van 'n tweeledige proses waarvolgens, by dieselfde geleentheid, tegelykertyd 'n aanduiding gegee word oor aanstelbaarheid en oor voorkeur. (Vir 'n voorbeeld van die stembriefie wat vir hierdie doel gebruik word, verwys paragraaf 9).
11. Dat die IF en Senaat se advies aan die Raad, saam met die voorlegging van die Keurkomitee wat aan die Senaat en IF gemaak is, insluitende die name van die kandidate in alfabetiese volgorde wat aan onderskeidelik die Senaat en IF as aanstelbaar voorgelê is, vir finale besluitneming aan die Raad voorgelê word.
12. Dat die Raad uiteindelik 'n rektor of viserektor met 'n volstreekte meerderheid van stemme van die aanwesige Raadslede wat stem, aanwys, met dien verstande dat, indien daar nie na die eerste stemming 'n kandidaat met 'n volstreekte meerderheid aangewys word nie, die Raad vir die tweede keer stem ten opsigte van die kandidate met die hoogste en die naashoogste getal stemme. Dit staan uiteraard die Raad vry om onderhoude met die kandidate te voer.
13. Dat, tensy die Raad vooraf anders besluit, in die geval van die moontlike heraanstelling van 'n rektor of viserektor, 'n verkorte prosedure hoogstens een keer gevolg word, naamlik:
 - 13.1 dat, in die verkorte prosedure, die posbeker se naam met uitgebreide curriculum vitae en verslag van resultate behaal eers aan die Senaat en die Institusionele Forum en dan aan die Raad vir stemmings voorgelê word; en
 - 13.2 dat, indien die kandidaat met inagneming van die stemming in die Senaat en IF, by die Raad 'n volstreekte meerderheid van die stemgeregtigdes wat teenwoordig is verkry, hy/sy vir 'n verdere termyn, met 'n duur soos deur die Raad besluit, aangestel word.
14. Waar van toepassing, vir die toekenning van 'n akademiese rang aan die aangestelde, die normale ASK(S) prosesse gevolg word.